DIE PROJEKPLAN IS 'N DOKUMENT WAAROP ALLE PROJEKVOORSTELLE INGEDIEN MOET WORD OM TE VERSEKER DAT HULLE, TER WILLE VAN EVALUARING, EENVORMIG IS. VERDER, OM TE VERSEKER DAT AL DIE TER SAKE INLIGTING OORWEEG WORD. DIT IS BEDOEL OM 'N PLAN VAN VOORNEMENDE OPTREDE TE WEES WAARIN AANGEDUI WORD WAT, HOE, WANNEER EN VIR WATTER DOEL DIE PROJEK VAN STAPEL GESTUUR WORD.

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

5.8

2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN PROJEKLEIER:

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	Johan Marais	Johan Marais en NGK Dordrecht
POSADRES	Posbus 12, Dordrecht 5435	ditto
E-POS	johanm@dominee.co.za	ditto
FAKSNOMMER	045 – 943 1099 (kerkkantoor)	ditto
TEL. WERK	045 – 943 1056	ditto
TEL. HUIS	045 – 943 1056	ditto
SEL.	084 522 0179	ditto

(HANDTEKENING VAN PROJEKVOORSTELLER) **(DATUM)**

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

Om die projek ten opsigte van die kerkgebou van die VGK Dordrecht, te voltooi.
Met `n bydrae van R26,000 van die Sinode Oos-Kaap, word `n sinkdak tans (September 2008) opgerig op die gebou wat die VGK self tot op dakhoogte gebou en van binne en buite afgepleister het. Totale koste: R80,000 (bydraes van lidmate van die VGK – R5000 - , bydraes van lidmate van die NGK Dordrecht en `n bydrae uit gemeente-fondse – NGK Dordrecht - het die sinode se bydrae genoegsaam aangevul.
**Die projek wat vir 2009 beplan word, behels die gooi van `n sementvloer in die kerkgebou.** Dit is ` prioriteit.
So gou moontlik sal ons ook wil help met stoele of banke vir die kerkgebou asook alle ander items wat nodig sal wees om die gebou te voltooi.
Die VGK Gemeente Dordrecht is bitter arm. Baie lidmate is werkloos. Hulle kan ook nie `n leraar bekostig nie. Ds Johan Marais van die NG Gemeente Dordrecht neem soveel preekbeurte as moontlik in hulle vol-gate-geroeste-sinksaaltjie waar – met die hulp van die leierouderling, Michael Dyani, as tolk.

4. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

Die VGK Gemeente Dordrecht sal geweldig baie hierby baat. Hulle huidige sinksaaltjie, vol gate, met 1n grondvloer en swart sakke voor die vensters, is nie meer geskik vir eredienste nie. Wanneer dit reen, is die hele saaltjie sopnat van binne en kan hulle nie eredienste hou nie. Ook as dit baie koud is, is eredienste onmoontlik.
Nog `n belangrike rede hoekom hulle hierby sal baat vind, is die feit dat hulle `n groeiende gemeente is en die sinksaaltjie derhalwe alreeds te klein geword het. Feitlik al die lidmate van die sg NGKA in Dordrecht, het oorgekom na die VGK en talle lidmate van die vele ander swart kerke in Dordrecht wag nou net tot die nuwe kerkgebou voltooi is, voordat hulle amptelik oorkom na die VGK. Die getuienis-uitreike wat die NGK saam met die VGK in die gemeenskap gesamentlik beplan, glo ons, sal ook lei tot verdere numeriese groei in die VGK Gemeente.
Die NGk Dordrecht baat aansienlik wat betref baie goeie verhoudinge en samewerking met die VGK wat tot dusver agv die projek ontstaan het.

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
1) Oprigting van sinkdak	Ongeveer 1 jaar (2008)
	Dit het heelwat tyd geneem om genoeg fondse bymekaar te kry.
2) Gooi van sementvloer	Afhangende van die beskikbaarheid van fondse, behoort dit gedurende 2009 voltooi te kan word.
3) Bou van Preekstoel	Dit gaan die VGK self doen.
4) Stoele/ banke ens vir finale voltooing en afronding van die kerkgebou	Dit is nog toekomsmusiek.

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR (GEMEENTE, ANDER)
Johan Marais	NGK Dordrecht - leraar
Lourens Feuth	NGK Dordrecht - sameroeper
Leonard Botha	NGK Dordrecht – voorsitter Admin-kommissie
Michael Dyani en lede van die kerkraad VGK	VG K Gemeente Dordrecht

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID
Sement en bousand	Baie – taamlike groot kerkgebou

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Projekspan behartig administrasie in samewerking met die Admin Bestuurder , NGK Dordrecht.	NVT

6.4 ANDER:

NVT

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
REISKOSTE	
VERBLYFKOSTE	
REKENAARUITGAWES	
SKRYFBEHOEFTES	
DRUKWERK	
TELEFOON	
POSGELD	
VERVERSINGS	
ANDER (SPESIFISEER ASSEBLIEF): SEMENT EN BOUSAND – ARBEID, BTW, ENS	
Kwotasie vir die vloer beloop R41040. Die Ringskommissie het besluit om vir R10000 aansoek te doen en die res van die fondse van borge op Dordrecht te vra.	R10000

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
So gou as moontlik in 2009	

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

Skriba, Ring van Dordrecht

7. ENIGE ANDER SAKE WAT OORWEEG MOET WORD:

Ons sou moontlik vir 2010 ook om finansiële hulp aansoek wou doen vir die voltooing van die gebou – moontlik ook `n plafon.